KONTAKBESONDERHEDE:
Sekretaris: Hennie Heymans
Tel: 072 336 1755
ePos: heymanshb@gmail.com

Web: nongqaitrust.weebly.com

Openbare Weldaad Organisasie (OWO)
Nie Winsgewende Organisasie (NWO)

Registrasie Nommer:
IT 002701/2018(T)

Adres:
Derdeweg 129
MONTANA
0151

JAARVERSLAG DEUR DIE ONDER-VOORSITTER VAN DIE NONGQAI TRUST VERSLAG VAN 1 MAART 2021 TOT 28 FEBRUARIE 2022

Die Raad van Trustees

- Mnr FH Kilian – voorsitter
- Mnr GW Elsden - lid
- Mnr N Frylinck - lid
- Mnr HB Heymans - sekretaris

Lede van die Nongqai Trust se informele advies-komitee

- Mnr Jan Augustyn - tesourier
- Mnr Ben Kruger – Mississippi VSA - fondswerwing
- Mnr Bazil Young – 'n persoonlike vriend van mnr De Kock.

Gedurende die verslagperiode het die Nongqai Trust uitvoering gegee aan sy doel en doelstellings soos vervat in die Trust Akte.

Verskeie persone wat aan erge Post Traumatiese Stres Sindroom (PTSS) ly is met finansiële hulp bygestaan.

Covid-19:

Die Trust het rondom die voorskrifte mbt Covid-19 gewerk. Die epidemie het ons aktiwiteite ietwat aan bande gelê.

Konsensus:

Alle aansoeke vir hulp is per WhatsApp onderling uitgeklaar en alle applikante se aansoeke om hulp, is tot dusver eenparig goedgekeur.

Die Zondo-kommissie en die Nongqai Trust

Die Nongqai Trust het uit 'n onverwagte oord baie hulp gekry. 'n Begunstigde wat 'n geruime tyd finansiële hulp en bystand van die Nongqai trust ontvang het, het volgens getuienis voor die kommissie 'n aansienlike maandelikse bedrag van die Staat ontvang. Die Trust het met die Trust se ouditeure in verbinding getree en is die ouditeure opdrag gegee om die bewerings, met toestemming van die begunstigde, regtens te ondersoek.

‘n Katnes van ongerymdhede is oopgekrap:

- ‘n Vertroueling het geld oor ‘n lang periode maandeliks uit ons begunstigde se bankrekening geld gesteel. Die saak is ondersoek en word tans bereg. Die skuldige betaal maandeliks die geld terug.
- Die Staat het wagte aangestel om die begunstigde te bewaak. Die staat het nooit die wagte betaal nie. Die wagte het by ons ouditeur gekla dat hulle nooit hul salarisse ontvang het nie. Die kwessie is beredder.
- Ons begunstigde se voedsel is daagliks deur die wagte verorber en hul het van die begunstigde se meubels verniel. Koste is suksesvol van die Staat verhaal.
- Die Staat het ons begunstigde nie betaal nie. Die Staat het die agterstallige bedrag betaal.
- Wraakaksie deur Staat: Die Nongqai Trust het ook bygedra tov regskoste om te verhoed dat die Staat onbillik teenoor ons begunstigde optree.
- Met die tussenkoms van ons ouditeur kan ons voormalige kollega nou feitlik op eie bene staan.

Fondswerwing

- Ons probeer administrasie tot ‘n minimum beperk en alle verkope word direk in of mnr De Kock se rekening of die Nongqai Trust se rekening in betaal. Geen trustees hanteer enige kontant of gelde nie.

Fondswerwing op Facebook is ‘n deurlopende projek wat deurlopend deur mnr Ben Kruger, mnr HB Heymans en mnr Nico Freylinck bedryf word.

- Boeke – Vyf boeke is deur mnr Louis Lubbe in die vorige verslag jaar aan mnr Heymans geskenk. Daar is tans net een op hand.

Grafiese kuns:

Mnr Elsden het werk van hoë gehalte gelewer om die Trust se fondswerwing te reklameer. Ons dank aan hom.

Agtergrond: Welsynsuitgangspunt en suksesse

Nadat die Oud-SAP-Lede Liefdadigheidstrust vir mnr De Kock in terme van hul akte van oprigting gehelp het en nie verdere hulp kon verleen nie, het die Nongqai Trust spontaan ontstaan om veral oud-SAP-lede wat aan Post Traumatiese Stres ly, by te staan en te ondersteun. Die Nongqai Trust is ‘n diskresionêre trust.

Verskeie persone, met in begrip van mnr De Kock, wat aan die vereistes soos gestel in die Trust Akte voldoen, is bystand verleen.

Spanpoging

Die suksesvolle bedrywighede van die Nongqai Trust is te wydte aan trustees en ondersteuners se begeesterde ondersteuning in fondse, fondswerwing en administrasie, hulp en bystand.

Diepe dankbetuiging

- Mnr en mev JP Botha sy oudit- en regspersoneel
- Mnr Lucas Visagie
- Mnr Jan Augustyn
- My raad van Trustees en ons ondersteuners en medewerkers

Voorsitter: Nongqai Trust
Hein Kilian